



# Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

HTS JOHN VORSTER

## INLIGTINGSDOKUMENT: UITTEKENREËLINGS

1. Indien daar 'n rede is waarom u kind 'n sekere dag nie skool kan bywoon nie, het ons 'n sisteem waarop u sekere reëlings met die skool rakende die betrokke afwesigheid kan tref. Dit word gedoen deur middel van die voltooiing van 'n L6-vorm en die afwesigheid is eers geldig indien dit deur die adjunkhoof goedgekeur is.
2. Die L6-vorm is op die skool se webwerf beskikbaar.
3. Indien dit 'n aangeleentheid is wat slegs binne skoolure op 'n vasgestelde dag kan plaasvind, voltooi u 'n L6-vorm (aansoek vir 'n wettige afwesigheid) wat **TWEE SKOOLDAE** voor die dag van afwesigheid / vroeg-uitteken, by die **Algemene Kantoor** vir **goedkeuring** ingedien moet word.
4. Heg asseblief die nodige bewyse / dokumente aan die L6-vorm – hiersonder sal geen L6 goedgekeur word nie.
5. Gewone dokters-/ fisio-/ tandartsafsprake is byvoorbeeld nie noodsaaklike afsprake tydens skoolure nie en moet na 14:00 gereël word.
6. Die leerder gaan haal die L6-vorm die dag nadat dit by die algemene kantoor ingehandig is om te sien of die afwesigheid goedgekeur is. Slegs indien die afwesigheid vir die betrokke dae goedgekeur is, sal dit as 'n wettige verskoning vir die afwesigheid aanvaar word.
7. Die leerder bewaar die L6 waarop die afwesigheid goedgekeur is veilig by hom/haar vir die dag waarop hy/sy vroeër moet uitteken of nie by die skool gaan wees nie.
8. Indien die leerder goedkeuring het om vroeg uitgeteken te word, wys die leerder die goedgekeurde L6 vir die betrokke vakonderwyser en hy/sy verlaat die klas/lokaal op die spesifiek-aangeduide tyd. Geen leerder gaan uit die klas geroep word nie en geen leerder sonder 'n goedgekeurde L6 sal by die hek kan uitgaan nie.
9. Die leerder gaan dan na die Algemene Kantoor om 'n toestemmingsnota te kry om die terrein te mag verlaat en om die uittekenboek te voltooi.

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

🖱 [www.htsjohnvorster.co.za](http://www.htsjohnvorster.co.za)

10. Die leerder ontmoet sy ouers in die adminkantoor en verlaat die skool by die kleinhekkie in Meyerstraat waar hy/sy die uittekennota aan die sekuriteitsbeampte toon.
11. Indien 'n leerder op 'n gegewe tyd nie by die hek opdaag nie, kan die ouer/voog die kantoor bel om ondersoek in te stel.
12. Geen ouer/voog sal meer toegelaat word om 'n leerder te kom uitteken indien die leerder self die ouer/voog geskakel/laat weet het nie. Slegs die skool sal 'n ouer/voog laat weet indien 'n leerder gehaal moet word.
13. Geen leerder sal ook meer met 'n e-postoestemmingsbrief van die ouer/voog uitgeteken word nie.
14. Geen leerder gaan meer na 'n toetsperiode uitgeteken word tensy die prosedure met die L6-dokument gevolg is nie.
15. Dit is van kardinale belang dat 'n leerder die volle skooldag in die klasse is.



---

A DOWD

HOOF



☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

🖱 [www.htsjohnvorster.co.za](http://www.htsjohnvorster.co.za)

